transoranje instituut vir buitengewone onderwys

NPO 001-597 PBO 130001311

17 Junie Nasionale biddag vir Blindes

Daar is tans 428 leerders wat onderrig ontvang by Prinshofskool vir Gesiggestremdes. Van hulle is 250 swaksiende en 178 blind.

Posbus 13383
HATFIELD 0028
T: 012-362 0660
E:toibo@imaginet.co.za

Geagte Dominee

Die volgende paar maande wil ons *weer* die belangrikheid van TOIBO se projekte onder u aandag bring. Almal projekte ter ondersteuning van die minderbevoorregte kinders in ons skole. Ons begin met Projek Sonskyn.

Projek Sonskyn is die hoofprojek waar 'n bedrag van R800 000 vanjaar bewillig is. Kinders word ondersteun met:

***Skoolfonds *Koshuisfooie *Vervoerkoste *Spesiale toerusting *Voedsel *Klerasie *Ondersteuning aan akademiese-, sport- en kultuurpresteerders.**

Om hierdie projek te laat slaag, word geldelike donasies dringend benodig.

Die Trustees van die Klein Hannes Fanus Trustfonds het hul vergadering op 3 Mei gehou. Fondse is vanjaar toegeken aan Sonitusskool vir die aankoop van toerusting vir die vaardigheids-afdeling.

Vlnr: Dr Pieter Heystek (voorsitter), mevv Lucia Adlam en Stephany Celliers (trustees). **Ander trustees**: Mnr Rassie Celliers en mev Arina Jooste.

Bejaarde 'n voorbeeld! **Mnr Dirk Nel (87) van Vanderbijlpark skenk die afgelope paar jaar truie wat hyself gebrei het aan TOIBO. Sy grootste motivering is die briefies wat hy kry van die kinders wat hom bedank. Hy bid dat hy tot 2031 sal kan leef - dan is hy 100 jaar oud. *Ek leef in 'n fantastiese eeu met ongelooflike veranderings en ontwikkelings en as ek die gesondheid hou wil ek graag alles beleef.***

Kinders verdien om gelukkig te wees. Dankie dat ons saam handelaars van HOOP kan wees.

Tot ons weer gesels.

Arina Jooste

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

DS GERHARD STOLTZ
WAARNEMENDE VOORSITTER

Ledevergadering

Op 25 Mei het TOIBO se Ledevergadering plaasgevind. Tydens die vergadering is terugvoer oor die werksaamhede en Finansies gegee aan die sinodale verteenwoordigers wat by die Instituut betrokke is.

Ds F Esterhuizen word verkies as die NG Kerk se verteenwoordiger in die bestuur van TOIBO. Hy verteenwoordig ook die NG Kerk se Noordelike Sinode. Baie geluk en welkom aan hom.

Barmhartigheid is die taal wat die Dowe kan hoor en die Blinde kan sien. Mark Twainn

TRANSORANJE INSTITUUT
ABSA
Rekeningnommer: 020 840 145
Takkode: 632 005